

Ds. A. W. C. Bester  
Graafwater  
20 November 1983

Onderwerp: Diens van Barmhartigheid: van verste tot naaste

Lees: Lukas 10 verse 25 tot 37

Teks: Lukas 10 vers 36

Sing: Psalm 36 vers 2  
Gesang 262 verse 1, 3 en 6  
Gesang 258 vers 3  
Gesang 266 verse 1, 2 en 3.

“Broers en Susters kom ons wend saam ’n poging aan om hierdie groot gelykenis uit die mond van die Here, die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan, te verstaan.

“Die Meester het tog seker nie hier net ’n mooi verhaaltjie vertel nie. Dit is sy Woord wat ook vir u en vir my iets wil sê.

“Ons ken die inhoud van die gelykenis en ons hoef dus nie daarvoor te praat nie. Kom ons probeer liewer die kernwaarhede hierin raaksien. Kom ons vra van die Here die moed en lê self ook die moed aan die dag om te luister na die konsekwensies van hierdie gelykenis.

“Die eerste waarheid wat hierdie gelykenis vir ons wil leer, is dat ons, ons godsdiens uit die kerk en binnekamer na ons alledaagse lewe moet oorplaas.

“Ja, dit is wat eintlik hier staan. Ek en jy is altyd weer geneig om ons godsdiens in die veilige rustigheid van die kerk, die binnekamer of in ons geestelike lewe af te grens en net daar te laat geld.

“Dit is juis teen hierdie neiging (ongehoorsaamheid) dat Jesus ons in hierdie gelykenis waarsku.

“In die gelykenis loop ’n Priester en ’n Leviet (sy dienaar) op die pad tussen Jerusalem en Jerigo. Die Priester het in Jerigo gewoon en in Jerusalem in die Tempel diens gedoen. Hierdie Priester en Leviet is dus oppad terug van die Tempel af, of is op pad Tempel toe.

“Hulle het egter nog nie ontdek dat hulle ook dienaars van God moet wees as hulle nie by die Tempel is nie; dat hulle ook dienaars van God moet wees, ook wanneer hulle, hul op die alledaagse pad bevind, waar daar mense is wat in nood verkeer. Hulle meen dat as

hulle, hul diens in die Tempel verrig het, hulle alles vervul het waartoe God hulle geroep het.

“Die gelykenis wil dus vir u en my kom sê dat die trefwydte van ons Christenwees tot by die gevaarlike pad tussen Jerusalem en Jerigo reik - tot by daardie plekke waar jy en ek nie graag betrokke wil wees nie.

“Die boodskap van hierdie gelykenis is dat my priesterwees nie ’n uniform is wat ek net in die Tempel dra; en dat as ek uit die Tempel stap ek dit aflê en van my verpligtinge onthef is nie.

“Hierdie gelykenis sê vir u en vir my dat my Christenwees nie soos ’n kleed om my skouers mag hang nie, maar uit my hart moet kom, uit my hart wat ek orals saamdra. Daarom is ek as Christen altyd en oral aan diens.

“Begryp alle lidmate van die kerk van Jesus Christus wat hier staan? Nee, Broers en Susters, ons moet dit maar uit skaamte bely.

“Kyk maar rondom jou heen. Net soos die Priester en die Leviet, is daar baie mense in nood wat ons dikwels nie raaksien en nie wil raaksien nie.

“Ons kan die Here baie opreg dien in die kerk en ons geloof met groot erns beoefen, maar as ek gevra word om dié wat langs die pad uitgesak het en in nood verkeer te help, dan loop ons anderkant verby.

“Tot ’n groot mate sentreer baie se lewens net om hulself - Egoïsme. En waar egoïsme heers, is Jesus nie in bevel nie.

“Die tweede waarheid wat hierdie gelykenis vir ons wil leer, is dat ons Christenskap met ons naaste te doen het.

“Natuurlik het ons godsdienste eerste met God te doen. Dit kom van God en nie van die mens nie. Die Evangelie bestaan dus nie uit ’n paar sosiale pliggies - wat in ’n horisontale lyn net met menslike en sosiale verhoudings te doen het en daar eindig nie. Die Evangelie van Jesus Christus is in die eerste plek vertikaal. Dit slaan soos ’n weerligstraal van bo by ’n mens se lewe in. Dit is die vuur van God wat vanuit die Hemel neerdaal. Dit kom van God en het van die begin tot end met Hom te doen. Maar God het ook bepaal dat ons godsdienste met ons naaste te doen het en onlosmaaklik met ons medemens in verband moet staan. Trouens, die Here het self die onbegryplike vereiste vasgestel dat ons betrokkenheid by ons naaste dieselfde klem moet ontvang as ons betrokkenheid by God. Want toe Hy aan ons die eerste gebod gestel het, dat ons Hom moet liefhê met ons hele hart, siel,

verstand en krag, het Hy daarby gevoeg: 'En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' (Matt 22:39)

"Dié God het Johannes laat neerskryf: 'As iemand sê: Ek het God lief - en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie?' (1 Joh. 4:20)

"En Matthéüs het die woorde van Jesus opgeteken wat sê dat as ons 'n beker koue water aan een van die geringstes onder ons naaste gee, ons dit aan die Here self gee; en as ons dit nie gee nie, ons dit dan ook nie aan Hom gegee het nie. (Matt. 25:35-46)

"Hierdie gelykenis beklemtoon dus die feit dat die Priester en Leviet se godsdienste op die naaste moes uitloop. En dit is juis wat nie hier gebeur het nie. Hulle het gemeen, soos ons ook maar meen, dat solank ek God opreg dien, dit reg met my is. En toe was dit glad nie reg nie. Dit is seker ook een van die redes waarom God toegelaat het dat die Tempel van die Priester met die grond gelyk gemaak is.

"Ons naaste! Broers en Susters, wanneer gaan ons tog die boodskap van God begryp? My Christenskap moet die effek op my hê dat ek sensitief word vir my naaste - sodat ek my naaste menswaardig sal behandel.

"Maar Broers en Susters, hierdie gelykenis sê ook vir ons dat ons, ons oë ook moet bekeer. Daar staan dat die Priester en Leviet die halfdood geslaande man sien lê het en tog 'n wye draai om hom geloop het om hom tog nie te sien nie. En as 'n mens eers verby is, slaap die gewete, omdat jou naaste wat onrus veroorsaak het, uit jou gesigveld verdwyn het.

"Dit is maklik om die radio en televisie af te skakel en verby te blaai.

"Hierdie gelykenis eis bekering van ons oë. Ons moet leer sien. Ons sal ons nie op die oordeelsdag kan verontskuldig met 'Here, wanneer het ons U honger gesien of dors of 'n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis ...' (Matt 25:44) en daarmee probeer wegkom dat ons nie gesien het nie.

"God wil hê dat ons moet sien. En wat moet ons sien? Ons medemens in sy nood - materieel en geestelik.

"In ons land is daar nood. In ons midde is daar nood. Ons, die kinders van God, moet dit raaksien en ons moet iets daaraan probeer doen. God sal rekenskap van ons eis.

“Gaan maak jy ook só, is God se opdrag aan elkeen.

“Die gelykenis leer ons ook dat God van ons offers vra. Dit het die Samaritaan baie gekos om die geslaande man te help. Dit het ’n steuring in sy reisplan veroorsaak. Boonop was dit gevaarlik. Daar was rowers wat enige tyd op hom kon toesak. Hy het hom egter nie laat keer nie, maar die man op die esel gelaai en by die herberg gebring, waar hy gewillig was om enige verdere koste te betaal.

“God vra van ons offers, naamlik om iets van ons gerief, vryheid, sekuriteit en selfversekerdheid en iets van ons besittings vir ons naaste en daarom aan God te offer! Is u gewillig?

“Broers en Susters, ’n offer wat mens vir die Here bring, maak jou altyd ryker en gelukkiger. Jou offers en godsdiens moet hand aan hand gaan. Ons offer sonder toewyding aan God, is geen offer nie.

“Die gelykenis gee ook vir ons ’n antwoord op die vraag: Wie is my naaste?

“Jesus beantwoord hierdie vraag in die gelykenis op ’n eienaardige manier. Die wetgeleerde het gedink Jesus sou ’n klomp reëls neerlê oor wie jou naaste is en wie nie. Jesus antwoord hom deur ’n gelykenis te vertel. En dan die verrassing. Jesus sê nie vir hom presies wie sy naaste is nie - nee heeltemal iets anders. Hy doen dit omdat die vraag oor die naaste oorbodig is. Alle mense is jou naaste. Ek kan nie my naaste kies nie.

“Die bondel ellende voor die ryk man se poort (Lasarus) is die rykman se naaste. En as die ryk man by hierdie naaste verbygaan, gaan hy hel toe. (Luk. 16:19-31)

“Die geringste wat ’n beker water vra, is my naaste. En as ek hom sodanig nie erken nie, erken Jesus Christus my nie as Sy naaste nie. (Matt. 25:31-46)

“Hierdie geslaande man langs die pad is die Priester en die Leviet se naaste. As hulle by hom verby loop, loop hulle by die Here verby.

“Vir ’n Christen is elke ander mens met wie jy in aanraking kom, of mee te doen kry, jou naaste. As ons verby gaan, hou Jesus op om ons naaste te wees.

“Wie is dit wat al hierdie dinge van u en my vra? Dit is Jesus.

“En let wel. Hy vra nie éérs iets van ons nie. Nee, Hy doen éérs iets vir ons en vra dan dat ons ook só sal doen.

“Was dit dan nie u en ek wat daar op die pad na nêrens half dood gelê het nie? En dit was Jesus wat ons opgetel het en teruggedra het na God toe. En dit het

Hom sy lewe gekos. Hy moes Homself aan misdadigers oorgee. Hy moes saam met rowers aan 'n kruis hang. Hy moes langs God se pad dood lê. Selfs God het by Hom verbygehoop, sodat u en ek in die herberg van God ontvang en aanvaar word.

“Hy het nie gevra wie sy naaste is nie. As Hy dit gevra het, sou Hy met reg by ons kon verbyloop.

“Sy Gees wil ons een ding leer, naamlik om op te hou om krampagtig vas te hou aan wat ek het; en te weet dat alles wat ek het, ek van God ontvang het; en as ek daarvan prysgee en met ander deel, God my nog oneindig meer sal gee.

“Die Een wat hierdie gelykenis vertel, het dit eers gaan doen. Nou sê Hy vir jou en vir my: Ek het dit gedoen, gaan maak jy netsó - met jónaaste.

“Amen.”